

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
9 Junie 1973

Onderwerp: Vernuwning deur beslissing

Lees: Jesaja 52 verse 1 tot 12
Teks: Jesaja 52 verse 2, 9 en 11
Sing: Psalm 33 vers 11; Gesang 125 vers 5

“Een van die redes waarom mense in hulle geestelike lewe veragter of in gevangenisskap van sonde bly sit, is omdat hulle niks daaromtrent wil doen nie.

“Jesus Christus moet die Jode verwyd:

“Julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie. (Joh 5:40)

“Hulle wou nie.

“Vele het Hom gehaat, maar die meeste het niks vir Hom, of teen Hom gedoen nie. Maar juis omdat hulle nie vir Hom was nie, het hulle in hulle sonde gebly.

“’n Besluit in ons hart tot die definitiewe daad van vertrou in Jesus Christus, is soos ’n skarnier waarop die deur van God se genade oopgaan vir die mens.

“Baie neem groot en dramatiese besluite. By ander is dit ’n stille voorneme, ’n onopsigtelike maar betekenisvolle terugkeer na God met die hele hart. Maar dit is in elkgeval ’n beslissing waarsonder die heil in Jesus Christus nie bewustelik en gelowig belewe kan word nie. Sonder hierdie besliste stap sal die noodsaaklike vernuwning en die belewenis daarvan in ons handel en wandel ons steeds ontwyk.

“Broers en Susters, ons moet by die punt kom waar ons uit ongeloof oorstap in volle vertrou en téén ons sondigheid en vleeslikheid kies en ons bewustelik aan Jesus Christus toewy. Dit beteken die volgende:

“Opstand teen verslawing;

“Verbreking van sondebande;

“Verblyding oor bevryding; en

“Heilige uittog.

“1. Opstand teen verslawing:

“Skud jou los en staan op! God het ’n Bevryder vir sy volk voorsien. Maar die volk moes hulle gevaarlikste vyand, naamlik berusting in onderworpenheid eers oorwin. Hulle moes in opstand kom oor die slaafse gees van gebondenheid en vleeslikheid. En Broers en Susters, so wil God se gees ons in opstand bring teen ons geestelike verknechting en verslapping in ons lewe.

Uit hierdie gees van gedweë berusting in ons onmag wil Hy ons laat opstaan. Daar moet 'n oomblik kom dat ons nie alleen sal sê: 'Ek sal opstaan nie' Maar dat ons alle onbeslistheid met die daad sal afwerp. Ons moet 'n besluit neem en dit uitvoer.

"Hier is vleeslikheid ons grootste vyand.

"Mag God se Gees so 'n diepe onrus en ontevredenheid in ons wek, dat dit tot 'n heilige verset teen elke vorm van ontaarding of insinking sal lei. Daar moet by ons beweging kom. Ons moet innerlik ontroer word. Die selftevreedenheid moet afgeskud word. Die saak moet finaal met God uitgemaak word.

"2. Verbreking van bande:

"Maak los die bande aan jou hals, o gevangene...' (Jes 52:2)

"Inderwaarheid is dit ten diepste God se Gees alleen wat kan bevry en vernuwe. En tog vereis sy vernuwing dat ons aktief die kwaad alfê.

"Juis omdat Hy ons innerlik 'n nuwe hart en 'n nuwe vryheid skenk, dring Hy ons en word ons vermaan om elke sondige daad, gesindheid en begeerte af te lê.

"Ons moet dit doen.

"Die onreine moet homself afkeer van sy onreinheid en Jesus Christus gehoorsaam.

"Die verslaafde aan die sonde word 'n dienskneg van Jesus Christus en moet Hom gehoorsaam.

"Wie lieg, vloek, kwaadsprek en sy besoedelde gewete voed, moet hom daarvan afkeer. Ja, selfs die diepgelowige moet dit doen. 'Reinig julle' sê Jesaja aan die volk. (Jes 52:11)

As jy dink dat jy te swak is - dit is Jesus Christus wat ons in hierdie daad bystaan en krag gee. Dit is 'n bevestiging van Jesus Christus se liefde in ons lewens.

"Hierdie daad is dan 'n huisskoonmaak en bekering en afstand doen van die kwaad.

"3. Verblyding oor bevryding:

"Breek uit, jubel almal saam' (Jes 52:9)

"Dit is een ding om te peins oor God se weldade. Dit is iets anders om Hom daarvoor te dank en uit dankbaarheid daarvan te getuig.

"Hoe dikwels het die seën van die Here vir mense 'n werklikheid geword daardie oomblik toe hulle God begin dank het daarvoor. Dit is tog essensiële geloofsoefening dat, al kan ons dit nie voel nie, ons sal roem in Jesus Christus se werk wat Hy volbring het en die Heilige Gees vertrou vir ons vernuwing en heling. Laat ons nou begin om God te loof vir alles wat Hy ons in Jesus Christus geskenk het. Laat ons daarvoor praat

met ons huisgenote, vriende en medelidmate. En ons sal vind hoe waar God se Woord is wat sê: 'Met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. (Rom 10:10)

"4. Heilige uittog:

"'Vertrek, vertrek ... gaan uit hulle midde uit, reinig julle...' (Jes 52:11)

"Dit is moontlik dat mense in opstand kom teen die bande wat hulle bind, sonder dat hulle tot 'n kragdadige breuk met die sonde kom. Ons word nie uit hierdie wêreld weggeneem om ons van sonde te vrywaar nie. Maar ons word vermaan om ons nie met goddelose mense te vereenselwig nie. Daar moet 'n geestelike skeiding wees tussen ons en hulle. 'n Skeiding wat ook in ons dae en woorde openbaar sal word.

"Daar is sondige en ydele praktyke waaraan 'n gelowige nie mag deelneem nie. Sy veiligheid en heiligheid lê in meer as een opsig daarin gewaarborg dat hy betyds vir sulke dinge sal vlug. En dit is 'n vlug na die beskutting en gemeenskap met God en sy kinders.

"In hierdie afsondering lê ons krag en ons geheim van voortdurende vernuwing na die beeld van Jesus Christus.

"Amen."